Tel: 082 663 9739
Fax: 013 752 3530
e-mail: rupert@bossiestrust.co.za

P.O. Box 3958, Nelspruit, 1200
11 Cecilia Street, Sunninghill, Nelspruit

18 Februarie 2010

Goeiemiddag Vriende,

Graag wil ons u op hoogte hou met Bossies Justice en die pad vorentoe.

Tot dusver.

1. Die algemene vergadering is gehou op 10 Februarie 2010 en die opkoms was fantasties met ongeveer 480 mense teenwoordig. Die hoofspreker was Rupert Taljaard wat almal entoesiasties gehad het met die passievolle manier waarop hy almal se ondersteuning vir hiedie goeie saak versoek het. Die werkskomitee is gestig met voorlopige funksies en toewysings as volg:



2. Kommitee vergaderings is gehou op Saterdag 6 Februarie en opgevolg op Dinsdag 16 Februarie2010
   Die volgende is as prioriteite geïdentifiseer:

   - Uitklaring van belonings met SAPS
   - Kry helikopter in die lug, verbeterde kommunikasie met vlieëniers, verskaffing van brandstofbestuur brandstof as nodig en verkryging van ‘n infrarooi opsporings-toestel
   - Beplanning en koordineering van fonds insamelings

3. Die Fonds:
   - Bossies Justice sal registreer as ‘n Artikel 21 maatskappy maw ‘n nie-winsgedrewe onderneming.

   - Ons het prinsipiële ooreenkomste aangegaan met KPMG om die fonds te bestuur asook met FNB om die debietorder sisteem te bestuur.

   Die komitee wil al die mense bedank wat reeds ‘n bydrae gemaak het tot die fonds. Die fonds is tans R60 000.00 sterk sonder die reeds getekende debiet-orders wat van die 1st Maart geaktiveer sal word.

In die pyplyn

Toyota Nelspruit is in die proses om te kyk of hulle ‘n voertuig vir ons beskikbaar kan stel. Dit sal gebruik word vir patrollies (moord & roof voorkoming) en die ondersoek van sake (misdaad-oplossing). Ons visie is vir ten minste 10 voertuie (5 bakkies en 5 motors) asook ‘n paneelwa wat ons met die nodige toerusting wil inrig vir forensiese ondersoek-doeleindes.

Paul Viviers het goedgunstiglik aangebied om die “Thermo Vision” (infla-rooi toestel) vir ons aan te koop vir die helikopter. Hy het ook vir ons ‘n stuk grond beskikbaar gestel op die N4 vir die oprig van ons kantore asook die landing strook vir die helikopter. Ons beplan om ons eie honde eenheid ook daar op te rig. Paul, ons is jou ewig danbaar!!

Ons ondersteuning aan en samewerking met die SAPD, sy spesialis-eenhede en die sektor polisie forums asook met die sekuriteits maatskappye is van uiterste beland as ons ‘n daadwerklike bydrae wil maak tot die voorkoming van en oplos van misdaad. In die verband vra ons almal se bereidwillige samewerking – nie net geld nie maar ook tyd en energie. Diegene wat oor spesiale vermoëns en ywer beskik om te help moet ons asb kontak sodat u op ons data basis van kundiges en diensleweraars gelys kan word. Ons het u baie nodig.

Dienste tot dusver beskikbaar gestel

Minute Man drukkerye vir die verspreiding van pamflette en debietorder vorms.

Clinton Snyman wat die die briefhoof ontwerp het.

Albert Greyvenstein, vir Tracker toestelle op amptelike voertuie

Buks Viljoen van Beeld vir die artikel van die gebeure.

Radio Laeveld vir hulle volgehoue en gereelde uitsendings oor Bossies Justice.

Laevelder soos plaaslike lesers seker al agter gekom het.

Dankie vir julle ondersteuning – hou die boodskap sterk!

We are grateful for your support and ask you to keep spreading the message.

Groetnis tot later.
PS: Newsletter is available in English – please let me know if you would like to receive a copy.

Next general meeting

Wednesday

3 March - 18:00 @ Nelspruit Rugby Club